Hugenote Hoërskool

COVID-19 BELEID

L –
Beheer van COVID-19 gevalle in skole

Tak: Inrigtingsontwikkeling en -koördinering	L – WKOD-riglyn: Beheer van COVID-19-gevalle in skole	
L – WKOD-riglyn	Uitgereik: 22 Mei 2020	Hersiening soos en wanneer benodig word

Goedgekeur deur die Hoof van die Departement:

_____

BK Schreuder
Datum: 2020-05-22

L – BEHEER VAN COVID-19 GEVALLE IN SKOLE

1. Doel

1.1 Om prinsipale en skoolbestuurspanne te adviseer oor hoe om bevestigde of vermoedelike COVID-19 gevalle in skole te beheer.

2. Voortgesette prosedures en voorbereidings

2.1 Alle leerders, opvoeders en nie-onderrig personeel moet daagliks gesif word volgens die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) se riglyne.

2.2 'n Siekeboeg moet voorberei word om leerders of personeellede tydelik af te sonder indien 'n leerder of personeellid simptome van COVID-19 toon.

2.3 Inligting oor om met wie as naasbestaande in verbinding te tree indien 'n leerder of personeellid blyk COVID-19-simptome te hê, moet maklik aan alle leerders en personeellede vrygestel kan word.

2.4 Inligting oor wat om te doen indien iemand simptome toon, moet maklik vrygestel kan word en aan die leerder, hulle ouers of personeellid gegee kan word (neem asseblief kennis van die pamflet: Behandeling van https://wcedonline.westerncape.gov.za/back-school-covid-19 resources schools).

2.5 Indien 'n klas, gedeelte van 'n skool, of skool ontsmetting verg, moet die skool met die distrik skakel wat die noodsaaklikheid daarvan sal bevestig en toesien dat die dienste verkry word.

3. Stappe wat gedoen moet word as 'n leerder siek blyk te wees of simptome wat met COVID 19 gepaard gaan, toon

3.1 Die volgende is van toepassing as daar vermoed word dat 'n leerder siek is of simptome soos 'n voortdurende droë hoes, hoë koors, respiratoriese ongemak of kortasemheid, seer keel, ens. by die skool toon:

3.1.1 Alle leerders moet daagliks gesif word.

3.1.2 Die siekeboeg moet voorberei word om leerder(s) tydelik af te sonder.

3.1.3 Indien 'n leerder COVID-19 simptome toon, moet die leerder afgesonder word en hy/sy moet weg van ander leerders of personeel gehou word totdat hulle gehaal en huis toe geneem kan word.

3.1.4 Die ouers/voog van die leerder moet onmiddellik in kennis gestel word en gevra word om die leerder te kom haal.

3.1.5 Wanneer die leerder gehaal word, moet die ouer ingelig word oor wat daar gedoen moet word en met wie in aanraking gekom moet word wanneer 'n leerder COVID-19 simptome toon.

4. Stappe wat gedoen moet word wanneer 'n COVID-19 geval by 'n leerder bevestig is

4.1 Die prinsipaal moet onmiddellik alle bevestigde gevalle by die kringbestuurder/distriksdirekteur aanmeld, asook inligting oor die geval gee, soos:

- wanneer laas die leerder by die skool was;
- met wie hulle in **direkte** aanraking was;
- met wie hulle **vlugtig** in aanraking was.

4.2 Die prinsipaal en distriksamptenare sal die geval assesseer en die distriksamptenare sal die stappe wat gedoen moet word, bevestig.

4.3 Die Departement van Gesondheid sal verantwoordelik wees vir die identifisering van mense met wie die leerder in aanraking was en sal die WKOD adviseer oor enige verdere stappe wat gedoen moet word of voorsorgmaatreëls wat getref moet word.

4.4 In die meeste gevalle sal dit nie nodig wees om die skool of inrigting te sluit nie.

4.5 Let op dat slegs die Hoof van die Departement die sluiting van 'n opvoedkundige inrigting kan magtig. Die Hoof van die Departement sal deur die distrik ingelig word en sal optree volgens die raad van die Departement van Gesondheid.

5. Stappe wat gedoen moet word wanneer 'n leerder aan 'n <u>moontlike</u> geval van COVID-19 blootgestel was

5.1 As 'n leerder in aanraking met 'n moontlike/vermoedelike geval was, is geen beperkings- of spesiale beheermaatreëls nodig nie terwyl daar gewag word op laboratoriumtoetse vir COVID-19.

5.2 Dis nie nodig om die skool te sluit of ander leerders of personeel huis toe te stuur nie.

5.3 Die skool moet voortgaan om aan alle COVID-19-vereistes te voldoen.

5.4 Dus hoef personeellede geen stappe te doen voordat die uitkoms van die toetsuitslae nie bekend is nie.

6. Stappe wat gedoen moet word as 'n leerder blootgestel is aan 'n <u>bevestigde</u> geval van COVID-19

6.1 Enigiemand wat in **noue** aanraking met 'n bevestigde geval van COVID-19 was, moet geïdentifiseer word en versoek word om vir 14 dae tuis te bly vanaf die datum van blootstelling om vir simptome te monitor. Hulle mag nie skool bywoon nie. (Noue of direkte aanraking, bv. 'n handdruk of omhelsing. Om bloot in die kamer sonder enige direkte aanraking te wees, word as terloopse aanraking sonder enige risiko beskou.)

6.2 Alle **terloopse** aanrakingsgevalle (geen direkte fisieke aanraking nie) moet voortgaan om die skool by te woon.

6.3 Indien die leerder wat in noue aanraking was enige simptome toon terwyl hulle by die huis is, kan die Wes-Kaapse Regering of die Nasionale Instituut vir Oordraagbare Siektes se kitslynnommers geskakel word vir mediese hulp en verdere toetsing.

6.4 Leerders wat nie in noue aanraking van 'n bevestigde geval was nie, moet skool bywoon.

6.5 Leerders wat in aanraking was met 'n gesonde persoon van 'n bevestigde geval moet skool bywoon.

7. Stappe wat gedoen moet word as 'n personeellid positief getoets is vir COVID19

7.1 Die personeellid wat positief vir COVID-19 getoets is, moet om siekteverlof aansoek doen.

7.2 Alle personeellede en leerders wat in **noue** aanraking met die besmette person was, moet in selfafsondering vir 'n maksimum van 14 dae sedert die laaste aanraking gaan.

7.3 Alle personeellede wat in selfafsondering moet gaan, moet om spesiale verlof aansoek doen.

7.4 Daar moet 'n lys van sodanige personeellede gehou word en by die betrokke distrikskantoor ingedien word.

7.5 Die distrikskantoor moet skriftelike bewyse hou en dit by Hoofkantoor se Mensbestuurpraktyke-afdeling indien.

7.6 Die reiniging/ontsmetting van die besmette gebied (personeellid se werksarea) moet verrig word soos in (2.5) beskryf.

7.7 Daar moet in aanraking gebly word met sodanige personeellid of leerder om hulle te monitor en evalueer.

8. 'n Personeellid wat in aanraking met 'n bevestigde geval van COVID-19 was

8.1 Alle personeellede wat in **noue** aanraking met die besmette person was, moet tuis vir 'n maksimum van 14 dae vanaf die laaste aanraking in selfafsondering bly. (Direkte aanraking, bv. 'n handdruk of omhelsing. Om bloot in die kamer te wees sonder enige aanraking, word as terloopse aanraking met geen risiko beskou.)

8.2 Personeellede wat hulleself moet afsonder, moet om spesiale verlof aansoek doen.

8.3 Die prinsipaal moet toesien dat die werkgebied van mense wat hulle self moet afsonder deeglik gereinig word.

8.4 Daar moet in aanraking gebly word met sodanige personeellid om hulle te monitor en evalueer.

8.5 Die name van die personeellede moet aangeteken word by die skool en 'n afskrif moet by die distrikskantoor ingedien word.

8.6 Die distrikskantoor moet hierdie inligting by Hoofkantoor indien.

9. 'n Personeellid was blootgestel aan 'n moontlike (onbevestigde) COVID-19geval

9.1 Indien 'n personeellid in aanraking was met 'n onbevestigde geval, word geen beperkings of spesiale beheermaatreëls vereis terwyl daar gewag word op laboratoriumtoetsuitslae nie.

9.2 Die personeellid moet voortgaan om te werk.

9.3 Die skool moet voortgaan om aan alle COVID-19-vereistes te voldoen.

9.4 Daar is dus geen stappe wat personeellede hoef te doen voordat die uitslag van die toets bekend is nie.

9.5 As die uitslag positief is, moet maatreëls wat in afdeling 8 voorgeskryf is, toegepas word.

10. 'n Personeellid of leerder vertoon simptome wat met COVID-19 gepaard gaan terwyl hulle by die skool is

10.1 Sonder die personeellid of leerder tydelik af in 'n siekeboeg of kamer wat vir tydelike afsondering uitgewys is.

10.2 Adviseer die personeellid om huis toe te gaan en tree in verbinding met die leerder se ouers/voog.

10.3 Adviseer die personeellid of die leerder se ouers/voog om die kitslynnommers te skakel.

11. 'n Personeellid weier om vir diens aan te meld as gevolg van vrees vir die besmetting met COVID-19

11.1 Weiering om vir diens aan te meld kom daarop neer dat sodanige afwesigheid onwettig is en sal hanteer word ingevolge die huidige dissiplinêre prosedures.

11.2 Gewone verlofbedeling is van toepassing, tensy anders aangedui word deur enige COVID-19-regulasies wat gedurende die pandemie uitgevaardig mag word.

12. Plaasvervangers vir opvoeders wat siek geword het

12.1 Sodra dit bevestig is dat 'n opvoeder siek geword het weens COVID-19, moet die skool aansoek doen om 'n plaasvervanger.

12.2 Die skool moet ook aansoek om 'n plaasvervanger doen as 'n opvoeder afwesig is van die werk as gevolg van die 14 dae-tydperk van selfafsondering.

12.3 Plaasvervangers sal oorweeg word as dit bekostig kan word.

12.4 Skole kan die gebruik van vrywilligers om sifting te doen, oorweeg indien dit nodig word.

13. Beheer en monitor van afwesigheid

13.1 Bywoningsregister moet daagliks voltooi word soos wat die norm vir onderwysers, nie-onderrig personeel en leerders is. Dit is 'n gewone WKOD vereiste, maar ook 'n COVID-19-vereiste om met nasporing te help.

13.2 Identifiseer kritieke werksfunksies en poste by die skool en beplan paslik vir ander geskikte gekwalifiseerde personeel by die skool om die gapings te vul wat mag ontstaan weens COVID-19-gevolge.

14. Indien skole gesluit is, moet die volgende oorweeg word om voort te gaan met leer en onderrig

14.1 Alle leerder- en ouerinligting, ingeslote digitale kontakinligting moet, waar moontlik, bygewerk wees en maklik aan betrokke personeellede vrygestel kan word.

14.2 Leermateriaal moet ter enige tyd vir 'n tydperk van vier weke vooruit voorberei word ingeval 'n skool moet sluit as gevolg van waarskuwingsvlakbeperkings of ander faktore.

14.3 Gaan voort om leermaterial vir leerders te ontwikkel as die skool gesluit is.

14.4 Maak gebruik van die lesse wat deur die Algemene Onderwys-en-opleiding en/of Verdere Onderwys en Opleiding se kurrikulumdirektorate verskaf word.

14.5 Moedig aanlyn leer via die WKOD se e-Portaal aan.

14.6 Verskaf inligting aan ouers oor lesse op die radio, televisie en die telematikaprogram.

14.7 Verseker deurlopende onderwys:

- hersien deurlopende planne vir onderrig en leer; en
- stel e-leerplanne in, ingeslote digitale en afstandsopsies waar moontlik en toepaslik.

14.8 Indien nodig, bepaal, in oorleg met skooldistriksamptenare of ander toepaslike staats- of plaaslike vennote:

- hoe om opvoeders op te lei in die oorskakeling van persoonlike na aanlyn lesse;
- hoe om tegniese kwessies uit te sorteer wanneer daar beperkte IT ondersteuning en personeel is;
- hoe om toepaslike volwassetoesig aan te moedig terwyl leerders afstandsonderrigbenaderings gebruik; en
- hoe om leerders se moontlike gebrek aan toegang tot rekenaars en die internet tuis te hanteer.

14.9 Konsolideer 'n lys van beskikbare, geskikte hulpbronne vanaf die radio, televisie en ander mediaplatforms en stel dit aan leerders en ouers vry.

14.10 Verseker deurlopende maaltydprogramme, indien van toepassing.